Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Josef

## Genesis 42

Die dag toe my broers my in die put gegooi en my later verkoop het, het my wêreld inmekaar geval. My drome het my in die moeilikheid gebring. Of so het ek gedink..

In Egipte het ek my keer op keer in die een of ander leierskapsposisie bevind. Tog het ek nie van die God van my pa, my oupa en my oupagrootjie vergeet nie.

Iewers in my alleenwees daar in die vreemde het ek geweet: Die Here onthou van my. Selfs toe ek jare lank onskuldig in die tronk opgesluit was, het ek geweet: Die Here sal my nie vergeet nie!

Bid saam as gesin.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.

Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.

En Hy het nie! Hy het my uit die alleenwees agter die tronk se tralies kom haal en my opgerig tot 'n groot leier in Egipte. (Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

## Josef

*Wie was Josef se moeder?*

*Wat het Josef se broers met hom gedoen?*

*Toe Josef 17 was, het hy 'n droom gehad oor _______?*

*Waarom het Josef 'n jas met baie kleure van Israel gekry?*

*Watter posisie het Josef beklee terwyl hy 'n slaaf in Egipte was?*

*Waarom is Josef in 'n Egiptiese tronk gegooi?*

*Wie was saam met Josef in die tronk?*

*Wat het Josef vir Farao gedoen?*

*Hoe het Josef seker gemaak dat Egipte genoeg voedsel tydens die hongersnood gehad het?*